SA Graan/Sasol Nitro fotokompetisie

OOREENKOMS

hou groot voordele vir kanolaprodusente in

PROF ANDRÉ AGENBAG, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH EN JOS DE KOCK, PNS TRUSTEE

Weens die beperkte omvang van die kanolabedryf in Suid-Afrika is dit tans nie lonend om 'n plaaslike teelprogram op die been te bring nie. Kanolaprodusente is dus afhanklik van saad wat ingevoer word vanaf Australië.

Toestande vir kanolaverbouing in Suid-Afrika stem baie goed ooreen met dié in Australië. Dit veroorsaak dat saad van die nuutste en beste kultivars slegs vir plaaslike produsente beskikbaar raak as daar voldoende saad is om die behoefte in Australië te bevredig. Omdat hierdie situasie soms eers verskeie jare ná vrystelling van 'n nuwe kultivar bereik word, was plaaslike produsente aangewese op ouer kultivars.

Ná intensiewe bemiddeling is 'n samewerkingsooreenkoms egter nou bereik tussen die Proteïennavorsingstigting (PNS) en vier toonaangewende Australiese saadmaatskappye (Kanola Breeders Western Australië, Nu Seed, Pacific Seed en Pioneer) wat groot voordele vir plaaslike kanolaprodusente kan inhou.

Volgens hierdie ooreenkoms sal elke maatskappy jaarliks die geleentheid kry om twaalf van sy beste en nuutste kultivars/teellyne vir toetsing in die sogenaamde "Elite Program" na Suid-Afrika te stuur. Maatskappye sal ook die geleentheid kry om spesialiteitstipes soos monola en *Juncea*-kanola in te sluit.

Hierdie program, wat in beide die Swartland en Suid-Kaap uitgevoer sal word, sal op 'n baie vroeë stadium en moontlik selfs voor die vrystelling van die kultivars, inligting verskaf ten opsigte van hul aanpassing onder plaaslike toestande. Daar hoef dus nie soos in die verlede gewag te word tot ná vrystelling van die kultivars in Australië alvorens dit in die kultivarevalueringsproewe getoets word nie.

Kanolaprodusente kan dus verseker wees dat die nuutste en beste Australiese teelmateriaal ook in Suid-Afrika getoets sal word en dat nuwe kultivars in die toekoms veel vinniger vir plaaslike aanplantings beskikbaar sal wees. Meer as drie van die inskrywings uit die 2010 Kanola Elite Proewe is tans vir 2011 vrygestel as kultivars in Australië en is ook in Suid-Afrika in die nasionale kultivarproewe opgeneem. Die gaping tussen Australië en Suid-Afrika ten opsigte van die beskikbaarheid van kanolakultivars word dus al kleiner. ■

ons sonskyn
in jou beursie

PANNAR sonneblombasters behaal die top drie plekke in die LNR nasionale proewe oor twee jaar. PAN 7057, PAN 7049, PAN 7050 en PAN 7033 almal met bruinroesweerstand vorm 'n gedugte pakket. Die basters is sinoniem met hoë opbrengspotensiaal en wye gebiedsaanpasbaarheid.

Die pakket word aangevul met 'n Clearfield® baster vir doeltreffende na-opkoms onkruidbeheer asook basters met 'n hoë oleïensuurinhoud.

PRESTASIE
BEPROEFDE SAAD

WÊRELDWYE NAVORSING PLAASLIKE PRESTASIE

www.pannar.com

PANNAR®

Vir meer inligting kontak: Tel: (033) 413 9500
infoserve@pannar.co.za

2011/SUN/A/11